

Bronne Bevolo-Manders, J. 2016 Vrouekeur artikel. Waardering.
<https://www.vrouekeur.co.za/nuus-vermaak/inspirasie-vir-die-week-waardering>

“Daar is ‘n groter honger in die wêreld na liefde en waardering as na brood.” Het moeder Teresa, Rooms Katolieke Sendeling van Kalkutta, Indië eens gesê.

Waardering bou alle mense op, kritiek breek af. Die mens is van nature selfsugtig, met ander woorde, die **eie-ek** is dikwels die belangrikste. Daarom wat **ek** sê, wat **ek** dink, wat **ek** doen, dit is reg in my eie oë. Die probleem is dat die **eie-ek** nie altyd reg is nie. Daarom moet ons uit die Woord leer wat God van ons vra. Die Skrif leer ons dat ons vir God eerstens moet liefhê, en ons naaste soos onself. **Mat 12:35** “Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorfloed goeie dinge in sy hart; die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorfloed slegte dinge in sy hart.”

Kom ons lees **Kol 1:1-5** “Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God, en van die broer Timoteus. **2** Aan almal in Kolosse wat aan God behoort, **getroue** broers in Christus. Genade en vrede vir julle van God ons Vader! **3** Wanneer ons tot God, die Vader van ons Here Jesus Christus, bid, **dank** ons Hom altyd vir julle **4 omdat** ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus **en** van julle liefde vir al die gelowiges. **5** Hierdie geloof en liefde is **gegrond** op die hoop wat vir julle in die hemel bewaar word en waarvan julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan julle verkondig is.”

Paulus skryf ‘n brief en onmiddellik sê hy die brief kom ook van Timoteus af. Hy onmiddellik erkenning en waardering vir sy medewerker. Maar reeds by die inleiding van die brief begin Paulus sy waardering uitspreek vir die mense van Kolosse. Heel eerste noem hy hulle **getroue** broers. Dadelik hoor hulle hulle is geloofwaardig, getrou, eerlik, opreg, **in Christus**.

Nou is dit so, as iemand waardering vir jou uitspreek, ‘n kompliment aan jou gee, is jou dag gemaak. As dit ‘n opregte kompliment is, vanuit die hart en ‘n kompliment as gelowige, is jou hele ingesteldheid somer positief.

Paulus is so vol opregte waardering vir die gemeente van Kolosse, dat hy God vir hulle **dank**. Hierdie dank is soos ‘n gebed voor ete vir dit wat God aan ons gee. Paulus is dankbaar dat hulle in sy lewe is. Paulus is dankbaar dat hulle as gelowiges, God dien. Paulus dank God vir hulle.

Dit is juis wanneer daar waardering is dat ‘n mens se hart oplik en jy dankbaarheid en vreugde ervaar. In ‘n studie is daar bevind dat die verhouding by ‘n werkplek tussen waardering en kritiek, moet **vier teenoor een** wees. Met ander woorde, jy moet vier keer waardering uitspreek vir elke een keer se kritiek. Dit bou mense op. Dit maak dat mense lekker werk omdat daar waardering is. (Bevolo-Manders, J. 2016) Dit is verstommende inligting. As ons wil hê dat mense vir my ook moet lief wees, waardering het, moet ons in opregtheid en eerlikheid, waardering vir hulle uitspreek.

Hoe gereeld gee jy vir jou vrou, jou man, jou kinders, jou werkgewer of kollegas komplimente van waardering? Hoe gereeld vertel jy vir jou vrou hoe mooi sy vir jou is, hoe jy haar waardeer, hoe lief is jy vir haar? Hoe gereeld vertel jy vir jou kinders hoe trots is jy op hulle?

Kom ons spreek in opregtheid waardering uit vir al ons medemense want God het ons so lief, dat Hy Jesus Christus aarde toe gestuur het om vir ons te betaal sodat ons vir ewig by Hom kan wees.
AMEN (Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)